Visie: Om mense te bemagtig om 'n impak in die gemeenskap te maak

BERGSIG Gemeenskapskerk

Denke – Ontwikkeling | Hart – Lief te hê | Hand – Te dien | Voet – Om uit te reik

Back 2 Basics deel 7c

Verstaan die seisoen van God: Die krag van die somer seisoen

Patrick Jansen van Rensburg

Kernteks

Psa139:16 You saw me before I was born. Every day of my life was recorded in Your book. Every moment was laid out before a single day had passed. (NLT)Psa 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie. (AOV)

Somer in die natuur

Somer is oestyd, want die koring- of mielielande, die boorde en die groentetuine se plante het are of vrugte en groente begin dra. Die dae is heerlik lank en diere is weer meer aktief in die veld waar jong bokkies en opgeskote rammetjies speel. Jong arende leer vlieg en uile swiep oor die vlaktes op soek na kos.

Somer in jou huwelik

| | Winter | Lente | Somer | Herfs |
|---|---|---|---|---|
| **Emosies** | Seer, aggressie, teleurstelling, alleen, verwerping | Opgewondeheid, blydskap, hoop | Geluk, satisfaksie, doelwitbereiking, | Vrees, teleurstelling, gevoel van word nie waardeer nie |
| **Houding** | Negatief, fustrasie, hopeloosheid | Afwagting, Optimisme, liefde en vertroue | Vertroue, eed teenoor mekaar (commitment) ontspanne | Bekommerd, onsekerd, blameer |
| **Aksies** | Afbrekende, praat kras | Beplan, kommunikeer, soek hulp wanneer nodig het | Kommunikasie, aanvaar mekaar se verskille, groei geestelik | Verwaarlosing. Hanteer nie konflik nie |
| **Klimaat** | Koud, Wil nie verskille uitsorteer nie. Argumente. Partye bly maar net saam | Oop en gee om. Nuwe begin | Hanteer konflik op 'n positiewe wyse, drome kom in vervulling. Groei saam | Verwydering van mekaar |



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Somer in jou Geestelike Lewe

Hoor God praat. Goeie tye van gebed en die bestudering van die Bybel. Leef jou bediening uit. Betrokkenheid in jou gemeente. Ervaar God se teenwoordigheid in jou lewe.

Wat moet my optrede in die somer wees?

Maak voorsiening vir die slegte tye. Spaar in die tye van voorspoed. Moenie jou lewenspeil aanpas sodat jy nie kan wegsit nie. Beplan vir die winter seisoen. Dit is nie die tyd vir nuwe motors of huise nie.

Maak voorsiening vir die winter

*Spreuke_10:5 Hy wat in die somer wegbêre, is 'n verstandige seun; hy wat vas slaap in die oestyd, is 'n seun wat skande maak.Spreuke 30:25 die miere is nie 'n sterk volk nie, en tog berei hulle hul voedsel in die somer;*

Spr 6:6 Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys! Spr 6:7 Hy wat geen aanvoerder, opsigter of heerser het nie, Spr 6:8 maak sy brood klaar in die somer, bêre sy voedsel weg in die oestyd.

Gen 41:35 En hulle moet al die voedsel van hierdie goeie jare wat kom, versamel en onder leiding van Farao koring ophoop as voedsel in die stede en dit wegbêre. Gen 41:36 So sal dan die voedsel 'n voorraad wees vir die land vir die sewe jare van hongersnood wat in Egipteland sal kom, sodat die land nie deur die hongersnood te gronde gaan nie.

Die krag van spaar

| Jare | Rente-verdienste | Bedrag gespaar | Totale kapitaal | Totaal (kapitaal + rente) | Rente Groei |
|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 10% | 50.00 | 3,000.00 | 3,870.00 | 870.00 |
| 10 | 10% | 50.00 | 6,000.00 | 10,242.00 | 4,242.00 |
| 15 | 10% | 50.00 | 9,000.00 | 20,723.00 | 11,723.00 |
| 20 | 10% | 50.00 | 12,000.00 | 37,168.00 | 25,168.00 |
| 25 | 10% | 50.00 | 15,000.00 | 66,341.00 | 51,341.00 |
| 30 | 10% | 50.00 | 18,000.00 | 113,024.00 | 95,024.00 |

| Jare | Rente-verdienste | Lenings-bedrag | Terug-betaling per maand | Verskil in paaiement | Rente betaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 20 | 10% | 100,000.00 | 965.00 | | 123,000.00 |
| 15 | 10% | 100,000.00 | 1,074.00 | 109.00 | 93,000.00 |
| 10 | 10% | 100,000.00 | 1,321.00 | 247.00 | 58,600.00 |
| 5 | 10% | 100,000.00 | 2,124.00 | 803.00 | 27,500.00 |



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Hoe om te spaar

a. Die eerste stap na 'n vol beursie: Die basiese reël van geldmaak is om 'n tiende van jou verdienste te spaar. As jy elke oggend een uit tien eiers in 'n mandjie plaas wat sal uiteindelik gebeur na verloop van tien dae? Die mandjie sal oorloop. Deur een-tiende van jou inkomste te spaar, sal jou beursie ook oorloop.
b. Beperk jou uitgawes: Hoe spaar jy een-tiende van jou inkomste? Jy beperk jou uitgawes."Dit wat ons 'noodsaaklike uitgawes' noem sal altyd groei om ons inkomste te ewenaar, tensy ons ingryp."
c. Laat jou geld vermeerder: Belê jou geld verstandig sodat dit kan groei."'n Mens se rykdom lê nie in die muntstukke in sy beursie nie; dit lê in die inkomste wat hy opbou, die inkomste wat voortduur of hy nou werk of reis.'
d. Maak van jou eie tuiste 'n winsgewende belegging: 'n Uiters eenvoudige beginsel – besit so gou as moontlik u eie huis eerder as om huur te betaal.
e. Verseker 'n toekomstige inkomste: Jy moet sorg vir u oudag en vir jou gesin
f. Vermeerder jou vermoë om te verdien: Belê in jouself en jou bekwaamheid. Die enigste manier om u inkomste te vermeerder is om u produktiwiteit te verhoog. 'Hoe groter ons geld-wysheid, hoe meer kan ons verdien. Diegene wat meer van hul nering leer, sal ryklik beloon word."

Die word moedig spaar aan. *"In die woning van 'n wyse mens is daar altyd kosbare besittings en olie; dwase mense bring sy goed deur." Spreuke 21:20*

Pro 21:20 The wise have wealth and luxury, but fools spend whatever they get. NLT

*Spaar beteken om vandag te spaar, sodat jy iets kan hê om in die toekoms te kan uitgee.*

Spreuke 21:5 "Die planne van die vlugtige is net tot voordeel, maar elkeen wat oorhastig is, kom net tot gebrek.

Geld wat 'n mens se sak brand. Jykan 'n suksesvolle spaarder word deur minder te spandeer as wat jy verdien. Ons moet ons spandering beplan



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Prov21:5 "Plan carefully and you will have plenty, if you act to quickly, you will never have enough"

Prov 21:20 "Stupid people spend their money as fast they get it"

Prov21:20a(LB) "The wise man save for the future.

Beleggings

Die word moedig ons aan om twyfelagtige beleggings te vermy. Versprei jou beleggings.

Prediker 11:12 "Hou joubesittings op sewe, selfs agt plekke, want jy weet nie watter teëspoed oor die land kan kom nie."

Verdien jou inkomste op 'n eerlike wyse

Spreuke 15:6 "In die huis van die regverdige is daar groot rykdom, die inkomste van die goddelose is vir hom tot nadeel."

Spreuke 21:6 "Skatte wat met bedrog versamel is, verdwyn in die wind en bring die dood.

Spreuke 13:11 "Rykdom wat sommer so gekom het, verminder maklik."

Ek het die somer seisoen geleentheid gemis

Jer 8:20  Die oes is verby, die somer is ten einde, en óns is nie verlos nie!Jer8:20 The crops are in, the summer is over, but for us nothing's changed. We're still waiting to be rescued.

Moenie die geleentheid van die somer mis nie

Yesterday is a cancelled check. Tomorrow is a promissory note.  Today is cash in hand. Spend it! (John W. Newbern)



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com